

**Dinsdag 15 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-10**

**Fokusgedeelte: Lukas 15:10**

**Engele se blydschap oor God se soekende liefde**

Die fokusvers vorm deel van die middelste van drie gelykenisse, ook bekend as die trilogie van verlorenheid: die verlore skaap, muntstuk en seun. Die fokus van die drie gelykenisse word egter duidelik geplaas op God se besondere liefde wat verlore sondaars opsoek en die vreugde wat dit bring.

Teenoor die ontsteltenis van die Fariseërs en Skrifkenners oor Jesus se saamwees met tollenaars en sondaars, wys Jesus hulle op die vreugde onder die engele in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer. Telkens word veral klem gelê op die moeite wat gedoen is met die soektog. Een skaap word gesoek terwyl 99 agtergelaat word. Een muntstuk word gesoek en 'n hele huishouding word byna omgekeer met die deeglike soektog. Hoekom al die moeite vir een skaap en een muntstuk? Die rede is duidelik en eenvoudig. Dit is die soeker se skaap en die soeker se muntstuk. Dit gaan alles oor eiendomsreg.

Bekering van 'n sondaar is duidelik die gevolg van God se sorgvuldige en liefdevolle soeke na diegene wat sy eiendom is, diegene wat gekoop is met die kosbare bloed van Jesus Christus. Hy is so lief vir hulle dat ook die engele in die hemel ingespan word tot behoud en beskerming van sy kinders. Sou hulle verlore gaan en hulle word weer gevind, is daar blydschap ook onder die engele.

Ons moet aangegryp word deur God se soekende liefde. Ons was deur ons sonde ook verlore, maar is gevind. Vir elkeen wat op dié liefde reageer, is daar blydschap onder die engele. Daarom moet ons getrou soos die engele in die hemel God se wil hier op aarde uitvoer deur meer moeite te doen met die verlorenheid om ons. En ons sal saam met die engele kan deel in hierdie vreugde oor God se soekende liefde vir sondaarmense.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)*